

17 Augustus

Skrifgedeelte: Jakobus 4:1-10
Fokusgedeelte: Matteus:5:4

Geseënd is die treurendes

Wanneer laas het jy getreur? Wanneer laas het jy toegelaat dat jou hart stukkend word en daar selfs trane in jou oë kom? Die Here verwag dit van ons. “Laat julle vrolikheid in rou verander en julle blydschap in droefheid.” ’n Christenmens kan nie bly wees oor dinge wat die enigste God hartseer maak nie. Kom ons stel dit anders: Wie in Christus ingelyf is, sal hartseer wees oor dinge wat Hom hartseer maak.

Kyk maar stip rondom jou. Daar is so baie waaroor ons kan treur, so baie wat ander doen wat ons Here seermaak. Kyk nie alte ver van jou en jou eie mense af nie. Dalk erken jy iets van die beskuldigings wat Jakobus tot gelowiges rig wat hulle eie belange op die voorgrond stel. Hy beskuldig hulle van jaloesie, ontrouheid, wêreldgelykvormigheid en onderlinge stryd. Hulle is huigelaars. Treur daaroor, want wanneer jy so Godgerig treur sal jy vertroos word. Jy sal troos as genade ontvang. Die Heilige Gees, wat in jou woon, sal as Trooster in jou werk, want as jy hieroor treur, is jy saam met die Gees van God, die Heilige bedroef.

Weet jy wat is betreurenswaardig? As Christene ophou treur oor dit wat teen God se wil ingaan. Voor jy vandag verder gaan, spandeer eers ’n tydjie om te treur. Dan sal jy die dag getroos ingaan.

Sing: Psalm 34:8

Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)